
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**November 2018**

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe











Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV


## *Sommer net vir die onthou.......*



*Arthur Muller oorhandig serti-fikaat aan Dylan Barnard*



*Bill Rodgers*




*Wyle At Botha*




*Chris vd Walt en Christo Munnik in Bothaville*



*Nonnie en Carl Mattheus*



*Agter op 'n bakkie by Jesmond*

# Indeks / Index

| | |
|---|---|
| Editors Column | 1 |
| Editorial | 2 |
| Wie dit wil lees - Die SASV - Theresa de Bruin | 3 |
| Waaierstertklub Nuusbrief - Willie J van Rensburg | 5 |
| Norwich Kropper en Mookee dag - Renier Lee | 13 |
| Duiwe uitstalling 4 Augustus 2018 - Cora Munnik | 14 |
| The SA Distance Roller - Simon Jordaan | 16 |
| Scoreboard and Rules | 20 |

## Birthdays

***B037 - Nic Putter - 08-Dec***
***D011 - Dean Dreyer - 09-Dec***
***W022 - Johan Theron - 10-Dec***
***N040 - Neil Raw - 11-Dec***
***D020 - Gerald Holding - 12-Dec***
***K009 - Nico v Pletzen - 16-Dec***
***J006 - Arno Visser - 18-Dec***
***A026 - Nico vd Westhuizen - 23-Dec***
***V011 - Johannes vd Berg - 25-Dec***
***W007 - Gawie Gertenbach - 26-Dec***
***K040 - Johan Botha - 27-Dec***
***C036 - Charl Naudé - 28-Dec***
***V017 - Katryn Fourie - 28-Dec***
***W017 - CD Cillie - 29-Dec***
***V029 - Wietz van Zyl - 29-Dec***
***K014 - Johnny Rudman - 30-Dec***

## *Ill members*

***Hansie Botes***
***Frik Schoeman***

## *Deaths*

***Pieter Schmidt Fantail teler van Noord Vrystaat streek is onlangs oorlede***

**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 / Half page - R450 / 3 Quarter page - R650**
**Full page - R850 / Colour cover page - R1200**
**SAFPA members - Only one placement**
**¼ page - R100 / ½ page - R200 / ¾ page - R300 / Full page - R400**

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday after 14:00**

**Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800**



**Redakteur/Editor**
**Christo Munnik**

Die November uitgawe van ons "geliefde" mondstuk die Sierduif of moet dit maar eintlik die Suurduif genoem word is gereed om gelees te word. Dit sal dalk huidiglik beter wees om die boekie van ons so te noem. Ek weet nie wat regtig aangaan nie maar daar word vreeslik onder mekaar gepraat en geskinder klink dit vir my. Miskien is dit omdat ek nie meer tussen die duiweboere bly nie dat dit vir my so lyk. Ek hoop regtig dit is maar net my verbeelding en dat dit eitnlik goed gaan in die SASV.

Maar dan kry ek 'n brief van Theresa de Bruin wat ek geplaas het in die uitgawe wat soos sy dit stel op tone trap, maar as dit dan jou of my tone is ruk jou voet weg en vind uit waroor dit gaan. Ek is seker daar is van julle wat die spreekwoordelike skoen kan aanpas en uitvind dat hy wel vir jou pas.

Die groot storie onlangs was die ALFA skou/tentoonstelling wat toe nie deur die SASV bygewoon was nie en blykbaar groot opslae gemaak het omdat daar soos ek verneem het nie genoeg tyd was om alles te reël nie en dat dit baie sou kos. Heeltemaal reg so maar dan as al die klip gooiery mos verniet of praat ek nou snert.

Ek wens regtig dat ons kan terug gaan na die ou dae toe dit vir ons almal lekker was om by 'n skou te wees en nie daar weggegaan het met 'n kwaadsteek gevoel soos dit baie keer nou gaan nie. Ons het gewen en verloor en dit was die einde daarvan maar deesdae word niks meer aanvaar nie baie mense hou op met duiwe en maak rasse weg oor onderonsies wat by 'n skou gebeur het.

Waarnatoe is ons oppad mense?


**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003



**12 September 2018**
**WIE DIT WIL LEES**
**I/S: DIE SUID-AFRIKAANSE SIER-DUIF VERENIGING**
**Theresa de Bruyn**

Goeie môre aan elke lid van die SASV. Ek is besig om hierdie brief te tik omdat baie op my hart druk. Of dit verder gaan vorder as my Laptop – geen idee.
Maar as jy hier lees het dit se-ker……………………………
My kind is 31 jaar oud hierdie jaar. Hy het begin duiwe versorg en help hokke skoonmaak toe hy 4 jaar oud was. So ek weet darem iets van die SASV al is dit net vir ± 27 jaar en nie klem op die dui-we nie. Chris nog langer aangesien my oorlede skoonpa al by die duiwe betrok-ke was toe Chris 'n jong seun was.

Ek gaan nou met die deur in die huis val. As jy nie my brief verder wil lees nie – jou keuse. As die skoen jou pas – jou keuse. As jy jou $#@%$ vir my strip – jou keuse. En verstaan vir my bitter mooi - NIE-MAND vat my man aan nie. As jy daar uit jou glashuis wil klippe gooi - gooi dit na my toe en nie na hom nie.

Dit is vir my bitter erg en hartseer om te sien hoe dit nou gaan binne in die SASV. Liewe hemel, van die lede tree erger as kinders op. Almal wil almal bykom. Almal is vir almal kwaad. Die meeste is nie eers meer vriende nie. Almal het 'n probleem as sy duif nie wen nie. Wat het geword van goeie sportmangees? Van lekker duiwe gesels en kuier op Skoue? Dan is daar van die Beoordelaars wat nie van sekere duiwe hou nie. Kyk wie beoordeel en jy weet klaar watter duif sal beslis nie daar voor by die wenners wees nie. Dis ook hoekom niemand meer die Beoordelaars se besluite aanvaar en hul respekteer nie. Sou 'n Beoordelaar wel almal verstom, en 'n duif daar voor laat staan (wat hy self nie eers aanhou of van

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800




GJ van Aswegen
Teel met Norwich Croppers en Working Homers
Kontak besonderhede:
Sel: 082 921 1747
e-mail: gjtlofts7@gmail.com



hou nie) – is dit ook nie verdomp reg nie en word daar baie oor gepraat. Al werk die Beoordelaar slegs op meriete en is dit uit en uit die beste duif.

Dan is daar die klomp wat altyd moan oor hoe Streekskoue aangebied word, maar nooit kom help regmaak nie. Dis altyd net ‘n paar persone uit die hele Streek en ook elke keer dieselfde mense wat regmaak en opruim na die tyd. Maar kyk net agterna wie se monde is die grootste. Ek weet die Skoue word al hoe minder ondersteun, wat verstaanbaar is. Almal ervaar finansiële druk. Niks in hierdie land is meer maklik nie. Lede kan nie alles bywoon sodra iets gereël word nie. Daar is ook verpligtinge buite die SASV. Daarmee het mense ook ‘n probleem en word persone omtrent uitgehaal as daar goed gereël word waaruit die SASV kan voordeel trek, maar persone daag nie op nie as gevolg van ander verpligtinge.

Chris kry gedurig oproepe, whatsapps, emails oor klagtes. Daar is tye waar mense net besig is om kwaad te stook en dan terugstaan om te kyk wat gebeur. Verstaan vir my reg - dit sluit lede uit wat regtig ‘n grondige klagte of versoek het. Dankie tog – daar is nog van hulle. Ek lees ook van die info en daar is baie twee-gesigte in die SASV. Jy kla en kerm by die President oor ‘n ander lid/lede en net by die volgende Skou staan jy hand-om-die-blaas met daardie einste lid/lede en gesels. Dan noem ek nie eers van die lede wat nie meer met mekaar praat nie. As A by hierdie Skou is, gaan B glad nie soontoe nie. As A sy duiwe skou, gaan B nie skou nie. Julle is grootmense - Alles gaan nie net oor jou en jou duiwe nie. Alles kan ook nie net gedoen word en moet realiseer as jy jou vingers klap nie. Daar is net so oor die 200 lede in die SASV. Die skinkbord waarop sekere lede gedra wil word – is nie groot genoeg nie.

Ek dink van die SASV se oud-lede draai in hul grafte om as hul sien hoe dit nou gaan. Dis ‘n skande. Ek sien dit gaan glad nie meer oor die duiwe nie - dit is nou persoonlik. Wie kan wie sleg sê en wie kan wie in die rug steek. Die SASV draai nie net om jou nie hoor. Jy is nie altyd alleen reg nie of die enigste een wat alles weet nie. Almal het hulle smaak van duiwe – almal het hul reg op ‘n opinie – op ‘n ordentlike manier, sonder om ‘n ander lid persoonlik aan te vat.

Dan is dit hierdie Facebook. Ek sou dit lankal toegemaak het. Mense braak gal op Facebook maar het nie die ordentlikheid om die persoon met wie daar nou weer ‘n fete aan die gang is, self en privaat te konfronteer en die probleem op te los nie. En daar word ook vieslike goed op Facebook gesit wat niks met duiwe te doen het nie. Dit stel die SASV in ‘n swak lig want van die foto’s is van swak smaak.

Die persone wat nie lede is van die SASV nie – hou asseblief jou neus hier uit en jou opinies vir jouself. Die lede wat wel lede is en ook van die NFPA - hou op nuus aandra oor en weer.

Ek was ‘n paar keer saam met Chris by Hoërskool Wagpos waar hy die kinders beoordeel het. Ek was verstom hoe daardie kinders kan saamstaan en saamwerk. Van duiwe, perde, varke, skape, bokke, beeste tot die grootste bul. Hulle is in kompetisie met mekaar maar dit pla hulle nie - hulle help mekaar. As een kind klaar getoets is, en die beoordelaars met hom/haar gepraat het. Dan kom deel daardie kind alles met die ander kinders

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

wat nog getoets moet word.

Ek kan op my een hand tel, die paar mense wat die SASV aan die gang wil hou. My man is een van hulle. Ek sou nie so uitgehou het nie. Maar glo my - ek werk aan hom. Nie om voort te gaan met hierdie sportsoort wat onsmaaklik geword het nie, maar om alles net so te los en net sy duiwe op sy tyd en plek te geniet.

Sterkte aan diè wat graag die SASV staande wil hou.

Theresa





## *Waaierstertklub Nuusbrief*

***Willie J van Rensburg***

Wat n belewenis- met die samewerking tussen die SA Waaierstertklub en die nuut gestigde CFC 12de distik klub het die telers gekom vanuit alle windrigtings in die land asook Botswhana, om dit die grootse waaierstertskou in die land te maak in baie jare. Dankie aan Christo vir die gratis skoulokaal en puik verblyf opsies.

Vrydag oggend is die skousaal in gereedheid gebring met die hulp van die Kaapse manne wie se lywe nog seer was na die lang reis. Die beoordelaarshokke was skaars opgeslaan toe begin die telers, soos hulle arriveer, duiwe insit en die groot bespreek en waaiersterte kyk het tot laat die aand aangegaan.

Saterdag oggend na ontbyt het die beoordeling in alle erns begin.







Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

Webpage - www.fancypigeon.co.za  Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229





Na aandete is die telers terug na die skoulokaal om verder te kuier.





**Telers agter: Willie J van Rensburg, Jan Wilkens, Coenie Naude, Chris Engelbrecht, Danie en Pearl Strydom en Shane Burt.**
**Middel: Nico vd Westhuizen, Tom Ryke, Jannie Kleynhans, Frik Butler, en Herman Wessels**
**Voor: Hannes Prinsloo, Charl Cillie, en Gideon Nel.**
**Afwesig: Hannes de Klerk, Pieter Scmidt, Jacques Kruger en Christo J van Vuuren,.**
**Fotograaf: Charl Naude**

## Skou uitslae:

**Groep 1 Patroon geruit:**
**Beoordelaar: Coenie Naudé**
**Aantal inskrywings: 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1ste | Shane Burt | 1662/17 |
| 2de | Willie J van Rensburg | 2057/17 |
| 3de | Shane Burt | 1670/17 |
| 4de | Chris Engelbrecht | 6113/14 |
| 5de | Chris Engelbrecht | 390/10 |

**Group 2 Patroon Gebalk:**
**Beoordelaar : Chris Engelbrecht**
**Aantal inskrywings: 13**

| | | |
|---|---|---|
| 1ste | Christo J van Vuuren | 3760/15 |
| 2de | Nico vd Westhuizen | 2103/18 |
| 3de | Jacques Kruger | 4578/17 |
| 4de | Coenie Naudé | 2044/18 |
| 5de | Shane Burt | 929/16 |

**Silwer:**
**Beoordelaar: Coenie Naudé**
**Aantal inskrywings: 6**

| | | |
|---|---|---|
| 1ste | Nico vd Westhuizen | 634/17 |
| 2de | Chris Engelbrecht | - |
| 3de | Tom Ryke | 854/15 |
| 4de | Tom Ryke | 1962/17 |
| 5de | Tom Ryke | 1947/17 |

**Bruin & As Rooi:**
**Beoordelaar: Chris Engelbrecht**
**Aantal inskrywings: 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1ste | Tom Ryke | 855/15 |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

2de Christo J van Vuuren 7448/14
3de Tom Ryke 1977/17
4de Tom Ryke 1968/17
5de Hannes de Klerk 6443/17

**Beste Gebalk**
1ste Tom Ryke 855/15
2de Nico vd Westhuizen 634/17
3de Christo J van Vuuren 3760/15

**Group 3 Solied:**
**Wit:**
**Beoordelaar: Coenie Naudé**
**Aantal inskrywings: 24**
1ste Chris Engelbrecht -
2de Tom Ryke 850/17
3de Jan Wilkens 3791/15
4de Pieter Schmidt 3973/17
5de Nico vd Westhuizen 1630/17

**Swart:**
**Beoordelaar: Chris Engelbrecht**
**Aantal inskrywings: 17**
1ste Gideon Nel 3179/16
2de Tom Ryke 675/18
3de Jan Wilkens 2542/15
4de Gideon Nel 1386/17
5de Christo J van Vuuren 940/16

**Bruin & Rooi:**
**Beoordelaar: Chris Engelbrecht**
**Aantal inskrywings: 2**
1ste Hannes Prinsloo Jnr 506/16
Rooi
2de Willie J van Rensburg 3007/16
Bruin

**Beste Solied:**
1ste Gideon Nel 3179/16
Swart
2de Chris Engelbrecht -
Wit

**Group 4 Faktore:**
**Beoordelaar: Nico vd Westhuizen**
**Poeier:**
**Aantal inskrywings: 10**
1ste Tom Ryke 4455/16
2de Jan Wilkens 764/16
3de Willie J van Rensburg 3062/16
4de Shane Burt 2092/17

**Almond:**
**Aantal inskrywings: 4**
**Beoordelaar: Tom Ryke**
1ste Coenie Naudé 3330/16
2de Chris Engelbrecht 5417/13
3de Chris Engelbrecht -
4de Coenie Naudé 5031/17

**Grizzle:**
**Aantal inskrywings: 6**
**Beoordelaar: Tom Ryke**
1ste Nico vd Westhuizen 1613/17
2de Shane Burt 3893/17
3de Nico vd Westhuizen 1613/17
4de Coenie Naudé 5034/17

**Enige Ander Kleur:**
**Aantal inskrywings: 8**
**Beoordelaar: Tom Ryke**
1ste Jannie Kleynhans 5660/16
2de Nico vd Westhuizen 649/17
3de Tom Ryke 7225/15

**Beste Faktor:**
1ste Jannie Kleynhans 5660/16
Indigo Geruit
2de Tom Ryke 4455/16
Poeier Silwer

**Group 5 Gemerk:**
**Beoordelaar: Nico vd Westhuizen**
**Saalrug:**
**Aantal inskrywings: 5**
1ste Tom Ryke 598/15
2de Christo J van Vuuren 4651/14
3de Tom Ryke 581/15

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

4de Chris Engelbrecht 6195/14
5de Christo J van Vuuren 844/15

**Stert gemerk:**
**Aantal inskrywings: 1**
1ste Jannie Kleynhans 5657/16

**Beste Gemerk:**
1ste Tom Ryke 598/15
2de Christo J van Vuuren 4651/14
3de Tom Ryke 581/15

**Group 6 Mismerk:**
**Beoordelaar: Coenie Naudé**
**Aantal inskrywings: 15**
1ste Chris Engelbrecht -
2de Shane Burt 3898/17
3de Shane Burt 3995/16
4de Nico vd Westhuizen 2106/18
5de Jannie Kleynhans 1306/17
6de Jannie Kleynhans 2401/17

**Group 7: Raar**
**Beoordelaar: Tom Ryke**
**Aantal inskrywings: 7**
1ste Nico vd Westhuizen 524/16
Poeier blou gebalk reduced
2de Willie J van Rensburg 2048/17
Balkloos
3de Willie J van Rensburg 3353/11
Laced
4de Willie J van Rensburg 3334/16
Balkloos
5de Jannie Kleynhans 1335/17
Reduced



Skou Kampioen
Geteel en vertoon deur: Tom Ryke



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

855/15 Room gebalk - Wyfie
1ste Reserwe
Geteel en vertoon deur  Gideon Nel



3179/16 Swart - Wyfie
2de Reserwe
Geteel en vertoon deur  Tom Ryke
598/15 Saalrug - Wyfie

3de Reserwe - Geen foto
Geteel en vertoon deur Jannie Kleyn-hans, 5660/16 Indigo Geruit - Wyfie



4de Reserwe
Geteel en vertoon deur  Shane Burt
3898/17 Mismerk - Mannetjie




5de Reserwe
Geteel deur Nico vd Westhuizen en vertoon deur Shane Burt
1662/17 Geruit - Wyfie




6de Reserwe
Geteel en vertoon deur  Nico vd Westhuizen
524/16 Poeier blou gebalk reduced - Wyfie

Webpage - www.fancypigeon.co.za  Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



Tom Ryke met die Kampioen waaierstert en die Meesner wissel trofee.

**Kommentaar vanaf die beoordelaars:**
**Tom Ryke:**
Dit was aangenaam om soveel vertoners en duiwe op die Stilfontein Skou te sien, sonder vertoners en duiwe is dit nie moontlik nie. Dan is daar ook die wat dit moontlik gemaak het en 'n opoffering gedoen het om die werk te doen. Om alles in oënskou te neem was dit 'n groot sukses.Al wat tekort geskiet het was ń Internasionale beoordelaar om ons duiwe te keur en te plaas. Ons sal hard werk om dit moontlik te maak by die 2019 skou.

Daar is duiwe wat goed gedoen het en ander wat nie sukses behaal het nie. Onthou net dit is die onderskeie beoordeelaars se keuse op die dag en hy beoordeel hulle net vir daardie oomblik en tyd wat hy hulle sien. Jy het hulle altyd in jou hokke en sien hulle elke dag. Jou loft champ kan net nie op sy stukke wees nie dan val hy of sy sommer gou uit die bus.

Elke teler gesout of nog nuut moet die Standaard ken in diepte. Hy of sy moet dit wat tussen die lyne van die standaard is verstaan en kan interpreteer in 'n teelprogram en tydens 'n skou. Soos eenvoudig begrip is dit by interpretasie van die geskrewe standaard wat op skrif is wat nou in beeld gesit is op 'n skou. Jy sien nou wat telers voortbring in hulle teelprogram en dan skou volgens hulle interpretasie en insig in 'n lewendige beeld voor almal afspeel tydens beoordeling.

Verskillende beoordeelaars sien aspekte en interpreteer eienskappe anders as sy mede beoordelaars. So jy gaan verskillende interpretasies en voorkeure kry met 'n paar manne wat beoordeel op 'n skou en dan miskien gemengde interpretasies kry met die top 7 duiwe in die finaal. Dit is nie die beoordelaars se skuld




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

nie maar die formaat wat ons gebruik.

Dit het nou broodnodig geword dat ons inklusief kyk na om Internasionale beoordeelaars van statuur in te kry om ons duiwe te keur en beoordeel en te plaas op ons toekomstige skoue. Ons nuwe opkomende telers sal geweldig baat by so ‘n stap. Die gevestigde ou telers sal dit ook geweldig geniet om ou kennise van weleer te sien en so ons bande verstewig. Ons het geisoleer geraak deur waar ons bly in Afrika en dan deur ons eie toedoen om nie kontak te hou met ons waaierstert vriende van weleer n[e. Ons sal hard werk om dit moontlik te maak.

Volgens die duiwe wat ek beoordeel het op Stilfontein sal ons hard moet werk aan waar ons moet verbeter en kan verbeter. Daar is ook goeie duiwe vertoon wat baie goed kan presteer internasionaal. Waaraan gewerk moet word is aksie in beweging. Die beste duif al vertoon dit ook hoe goed en staties is en wat nie aksie in beweging toon nie kan net nie bo ‘n duif geplaas word wat selfs goed is en aksie in beweging toon nie. Dit is ‘n growwe fout wat vanaf nie profesionele waaierstert telers wat beoordeel op gewone alle rasse skoue en dan die sogenaamde “posers” plaas bo duiwe wat wel kan beweeg. Ons kan dit met groot moeite probeer bewerkstellig en aandag gee aan die kwessie.

Daar is baie bemoediging in die vordering op vlerklyn en dan duiwe met goeie ratio is vertoon. Meer vorentoe bene moet aandag kry. Daar is ‘n verfynde reduced wyfie wat die oog gevang het. Ook ‘n almond van goeie kleur wat gewen het. Die 2de geplaasde almond het ‘n paar stertvere gekort maar was ook ‘n uitstekende duif. Die silkies was goed verteenwoordig met goeie eienskappe. Die wen indigo vertoon, het gladde vere en was goed.

By die grizzles was daar goeie duiwe maar van hulle was posers en hoewel ek hulle ekstra tyd gegee het om te beweeg en probeer het om aksie in beweging te toon was hulle vasgegom aan die loop





**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

oppervlak. Die duif wat wel gewen het by die grizzles het vorentoe bene en lyf en kon goed beweeg.

**Chris Engelbrecht**

Die volgende is waargeneem tydens die skou:

Daar is 'n duidelike verbetering op vlerklyne op meeste duiwe te sien asook die liggaam tot stert verhouding – dit is duidelik dat telers baie aandag aan die twee aspekte gee in hul teelprogramme. Kopplasings kan verbeter in die algeheel, die groep wenners het wel 'n stabiele kopplasing vertoon. Die top 7 duiwe het goeie vlerk, kopplasings en liggaamverhoudings vertoon.

Die totale bewegingaksie van duiwe in die beoordelaarshok is nie na wense nie. Die duiwe moet met die hand aangehelp word om te beweeg. Vroeër jare het waaiersterte beter beweeg in die beoordelarshokke.

Breedte van voor ontbreek asook 'n dieper liggaam (beer belly) op meeste duiwe alhoewel die syaansig breedte redelik goed is. Swaar liggaam van voor kort met gepaardgaande vorentoe bene - dit vergelyk nie met top oorsese duiwe nie. Geen duif met swaar liggaam en vorentoe beeninset is waargeneem tydens die skou nie, wel duiwe met swaar liggaam maar dan met gemiddelde beeninset.

Waaierstert groete tot volgende keer.





## *Norwich Kropper en Mookee dag - Ds Renier Lee*

Alle telers, asook alle beoordelaars van bogenoemde rasse word weer herinner aan die GROOT BYMEKAARKOM op Saterdag, 9 Februarie, 2019 by die huis van Phillip Lee op Hartbeespoortdam. Ons beplan 'n gesinsnaweek en wil dus ook die gesin die naweek ontvang. Ons voorlopige program is 'n Kennekaar funksie op Vrydagaand 8 Feb vanaf 19.00 uur. Saterdag oggend kom die telers bymekaar terwyl die vrouens en kinders saam met die kabelspoor die berg sal opgaan en dan daarna die beroemde Jasmyn gaan besoek. Saterdagaand is daar 'n bring en braai en kuier ons tot laat. Die telers wat Sondag nie te haastig is nie kan saam ons kerk toe gaan of selfs saam hul gesin die wêreld bekende slangpark besoek. Elke teler word gevra om 2 duiwe saam te bring vir bespreking gedurende die dag, waar ons gaan praat oor meer eenvormige beoordeling asook teling van ons twee rasse. Ook kan u dieselfde twee duiwe of twee ander uitstaande duiwe saambring vir 'n veiling die middag Alle veilingdui-

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

we sal egter gekeur word sodat ons top genetika aan ander telers kan verskaf. Van die koopsom word 10% afgetrek wat aan die onderskeie rasse toegeken sal word om te maak daarmee wat hul goeddunk ter bevordering van ons duiwe. Om alles vlot te laat verloop vra ons U om so gou moontlik vir Phillip te skakel by 0829718692 of myself by 0826008647 en U deelname te bevestig. Hierdie naweek kan natuurlik net n sukses wees as soveel moontlik van ons telers dit sal promoveer en sal bywoon. Kom ons hou op om te vra wat die Sierduifvereniging vir ons doen en ons vra eerder wat kan ons vir die duif doen. Vir enige inligting oor gastehuise of ander verblyf kan u Phillip skakel. Ons sien uit daarna om U en U gesin te ontvang

Ds Renier Lee



## Duiwe uitstalling 4 Aug 2018

Ingestuur deur Cora Munnik

Met ons eerste kerkbasaarvergadering in Januarie, het Christo gevra of ons moontlik 'n plekkie kan kry om duiwe uit te stal. Hulle wou eerstens weet hoe groot plek het ons nodig en waarin gaan ons die duiwe sit. Na Christo se antwoord dat ons so drie tafels benodig en 'n plekkie op die stoep en ons gebruik skouhokkies, was daar 'n opgewondenheid onder die mense en die antwoord was toe ook sommer "JA". Christo bied ook toe aan om met die opening op die Saterdagoggend 'n paar vliegduiwe te los.

Ons het 34 rasse bymekaar gekry vanaf 3 telers. Die belangstelling was baie goed en baie vrae is gevra. Van die kinders was kort-kort daar en baie wou met alle geweld 'n duif koop.

Die Jakobyn het die meeste aandag getrek omdat almal die duif se kop gesoek het en dan die geel resiesduif want die meeste ken net blou duiwe.

Wat vir my interessant is, is die hoeveelheid mense wat kom gesels het en gesê het hulle het ook met sierduiwe geboer of 'n pa of 'n oom het sulke duiwe gehad. Die belangstelling by die loslaat van die duiwe was ook groot en baie wou weet of hulle ooit weer by die huis gaan uitkom.


**NAK Smit**



**Teel met**
**American Show Racers**
**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch 7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**








Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**"Beste wat ek ooit gebruik het. Nou 'n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit"**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

**Ander produkte:** **bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg  R156.18**
**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**
**bioworx ENERGYOIL 1lt  R346.30**
**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**
**bioworx DECHLOR 500g  R255.00**

***(BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit)***

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za




# The SA Distance Roller Pigeon

***Compiled by Carel Laufs***
***Submitted by Simon Jordaan***

The SA distance roller pigeon. Why the name and where did these roller pigeons come from? In this article the story of this breed's history unfolds, and the reason behind the name SA Distance Roller Pigeon is revealed. Very little was recorded about these pigeons in the early years, and it is speculated that these pigeons were developed out of West of England and Oriental roller pigeons, but this is not a confirmed fact. Up until 2000, these pigeons were known, by the people who kept them, as local roller pigeons or Locals as apposed to Imports or Birmingham's. A part of the origin of the SA distance roller pigeon, as it is known today in South Africa, can be traced as far back as 1945 when the first Birmingham roller pigeons of British born fancier Ken White were imported to this country. Other local fanciers, like Tommy Alison and Henry Scott, also imported pigeons from Britain and other parts of the world. It was purely by choice that the SA distance roller pigeon came to be. The fanciers that imported the Birmingham roller pigeon kept by the British standard and rules of kit performance. These pigeons had to be very active and had to roll as many times as possible during a competition and for this reason the ideal pigeon had to roll only between 1 and 2½ seconds. But some of these imported pigeons had the tendency to roll much deeper than required. These undesired pigeons were usually culled to ensure that this quality was not repeated or passed on to the next generation. But these bad performers and deep rollers caught the attention of some fanciers who started collecting them and selectively breeding with them, and that is how the local South African roller pigeon, now known as the South African Distance Roller, came to be. In the years that followed, more and more of these pigeons were bred and more fanciers preferred these pigeons above the performing kit pigeons. Through the breeding process of the Birmingham rollers and other imported breeds, three strains originated and each and every pigeon today, in some way or another, carries the genes of these strains. The strains that were formed were the Kent, Ketap and Goodrum strains. IMPORTED KENT BIRDS The photo below shows an imported bird.




He was described as a bird that did not roll



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

often, started rolling at 4 months and was never really deep. This was recorded in 1953. The bird below was described as a good standard roller, rolled very tightly, started rolling at 6 months and was a really deep roller ± 200 to 300 feet The Kent strain was bred from im-



ported Ken White pigeons. These pigeons were usually robust in build and known for their depth in roll and strong flying abilities. They usually took a long time to become active rollers. Sometimes up to two years would pass before they started rolling, but on average they took about seven months to start rolling. Out of this strain many other families were developed, like V-Tail, 704 and "Krulveer" (Frill) to name but a view, but their origin was all from the Kent strain. The Goodrum strain most probably originated out of imported pigeons but their country of origin is not known today as it was never recorded. These pigeons were bred by Dr Goodrum who at the time lived in the Eastern Suburbs of Johannesburg. They were medium in build, clean legged pigeons, mostly mottle in colour. They were also known for their ability to roll very deep and were very good flyers. GOODRUM A perfect example of some young Goodrum cocks, this picture was taken in 1961 IMPORTED KENT BIRD Another imported bird that was imported in 1953 and was described as one of the longest rollers flown at the time. He started rolling at 9 months. The longest roll recorded was described as follows; the kit was just about out of sight when he started his roll and broke the roll at about 60 feet above the roof in fine weather. What a thrill!!! This was recorded on 10/09/1954 GOODRUM A perfect example of some young Goodrums. This picture was taken in 1961 These pigeons also took some time to become active rollers but not as long as the Kent strain and when they did it was usually a spectacular site to see. It is believed that the Goodrum strain was developed out of the American High-Flying Tippler (Roller), thus giving these pigeons their strong flying ability and their distinct mottle colour. GOODRUM A Goodrum breeding pair with the distinct mottle colour. This picture was taken in 1961 MODERN-DAY GOODRUM Modern-day Goodrum as seen today. The father is on the left and son on the right. These pictures were taken in 2007 and in comparison, as can be seen, not much has changed in the 56 years since the strain was developed The Ketap strain was bred by Brendan Ketap, also from the East of Johannesburg, and again no records were kept as to where their forefathers came from. These pigeons were small in build, and mostly muffed pigeons with the ability to roll deep. They, however, did not have the strong flying ability the Kent and Goodrum strains possessed, but they were sought after for the one quality that these other two strains lacked, namely activity. These pigeons became active rollers at a very early age, sometimes only weeks after weaning, and at the same time they were very frequent rollers, sometimes rolling in such succession that it became impossible for them to fly back to the kit and regroup, making them unsuitable for competitions in the purebred form. Combining the Ketap with the Kent or Goodrum strains or combining all three strains together resulted in the perfect combination of flying and rolling ability and the perfect competition pigeon with the ability to roll deep and frequently and still have the strong flying ability to fly back to the kit and regroup irrespective of the distance rolled. Only a handful of fanciers over the years kept these strains pure. They were fanciers like Buks Swart, SiasFrylinck and Dames Nell. Unfortunately, many of the fanciers cross bred these strains to develop substrains of their own liking, for example the 801 strain that was a mixture of the Goodrum and Ketap strains. In a sense the three strains are still there in each and every distance roller pigeon bred today but it is now difficult for the modern-day fancier to determine what per-

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

centage of which strain he is dealing with in his pigeons. For many a novice, this is to be the biggest downfall. The process of identifying the characteristics of the individual strains, identifying “click pairs” and building up their own breeding stock just takes too long. Because they lack patience and experience, they usually want instant results and if that is not forthcoming, they give up after a few months, sell everything and leave the roller pigeon sport for good. This is mainly the fault of the older and more experienced fanciers because very few fanciers keep pedigree records of their pigeons, thus making it an impossible task for a novice to know what strain he is buying from a fancier. But for the fancier that keeps record of his pigeons, only one word can describe the outcome and that is success! The SA distance roller pigeon is bred for one purpose, and that is to perform long deep rolls. Over KETAP A perfect example of a Ketap in its purest form today with the typical small build and drop wings. This picture was taken in 2007. the years many records of pigeons that rolled 20 to 30 and even over 50 seconds were noted. Unfortunately, a lot of these were roll-downs and for the few that stopped before rolling down, the enormous task of flying back to the kit was just to immense and they would normally fly for a few minutes then come down. But not all these extremely long rolls were roll-downs. In the early 1980s, there were pigeons like the Blue Bar (Called a Slate by local fanciers) Goodrum cock SANDY 65 /1989 bred by Ben Bouwer that rolled 34 seconds and returned to the pack. This was done more than once on a single competition flight. Also, the famed Red 704 cock MRRV 6/1983 bred by Conrad Botha that rolled 36 seconds and returned to the pack. This pigeon and its full brother, the Slade frill cock MRRV 7/1983, produced one of the most sought-after strains in South Africa. In the years that followed, many deep rolls that did not result in roll-downs were recorded. Some examples are: • on 6 of May 2000 the pigeon SARDF 13/1999 bred by Frank Kahts rolled 19.7 seconds • on 14 of April 2001, the pigeon WRDV 416/1999 bred by Harmse rolled 22.2 seconds • on 8 of July 2002, the pigeon SAPRA 985/1999 bred by Chris Henning rolled 21 seconds • on 28 September 2002, the pigeon BVRC 937/2002 bred by Vijay Govender rolled 28.5 seconds • on 24 August 2008 the pigeon WRDV 97/2005 bred by Louis van Aarde rolled 32.88 seconds and • on 5 of November 2017 the pigeon NLRA 24 2016 bred by Andries Du Toit rolled 38.53 seconds which is currently the longest recorded roll in South Africa. We now have records showing the extraordinary ability of these pigeons rolling extremely deep, but where did the name South African distance roller come from? In 1999, three fanciers, CarelLaufs, KoosFrylinck and Johan Munnik contacted the South African Fancy Pigeon Association (SAFPA) with a proposal to include the local roller pigeon on their list of registered pigeon breeds in South Africa. Months of correspondence and negotiations led to nothing and the local roller pigeon fanciers felt that it was obvious that the committee and the fanciers of the South African Fancy Pigeon Association (SAFPA) had no clear idea of what the local roller pigeon should look like. From the local fanciers’ point of view, the comparison between the Birmingham roller pigeon standard, already on the list, and the local roller pigeon, was too similar. So, at the end of 1999, Christo Munnik, the National Judges Officer of the South African Fancy Pigeon Association (SAFPA), suggested that pigeons from a wide spectrum of fanciers should be collected and brought to them so that they could see and hear from the local fanciers what the ideal pigeon should look like. SA Distance Roller Pigeon The pigeon WRDV 597/1997 that was selected to represent the Standard of the SA Distance Roller Pigeon. Eventually 60 pigeons were collected, put on show, inspected and scrutinized to the point where only two suitable pigeons remained and in the end, a black white flight muffed cock WRDV 594/1997 was chosen as the perfect pigeon to represent the local roller pigeon. Christo Munnik then, by close inspection of the pigeon, wrote the standard of the local roller pigeon that would be used on fancy pigeon shows held throughout South Africa. He still had one problem he wanted to

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

address, namely, which name the pigeon should be registered under. Although the pigeon was known as the Local Roller for as long as anybody cared to remember, the name just sounded out of place in comparison with Birmingham Roller Pigeon, S.A. Short Face Tumbler, Dutch high flyer, Egyptian Swift and Chinese Owl Pigeon. The fanciers present agreed but were at a loss as to which name should be used to identify the local roller pigeon. But then the years of experience and the ingenious mind of Christo Munnik kicked in and one question was asked, namely, what the characteristics of the local roller pigeon were. The answer was obvious: its ability to roll great lengths. In other words, the local roller pigeon was bred to roll great distances and has manifested itself over the years as a truly South African breed. Christo suggested that it should be called the South African Distance Roller Pigeon. This name includes the origin of the pigeon, South Africa and its characteristic as a distance roller, thus its purpose for being in existence. At the start of 2000 an era came to an end. The Local Roller Pigeon, as it had been known since the 1940s became the 99th pigeon breed to be registered in South Africa under the affiliation of the South African Fancy Pigeon Association (SAFPA), and from that day forward was known as the South African Distance Roller Pigeon.




***Top three SA Distance Rollers that were bred by Johan Munnik***
***Below is groups of SA Distance Rollers from an unknown fancier***




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the Nat Ringmaster:

1. **Book of Standards R200 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R60 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R40 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Freestate: | 2153 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 984 |
| 2. North-of-the-Vaal: | 936 |
| 3. Western Transvaal: | 840 |
| 4. Northern Cape: | 353 |
| 5. Eastern Region: | 300 |
| 6. Eastern Province: | 300 |
| 7. KwaZulu-Natal: | 184 |
| 8. Western Cape: | 0 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 0 |

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

***Die duiwe uitstalling tydens die NG Kerk Port Shepstone se Bazaar***







## *2018 SA Kampioenskapskou te Bloenfontein fotos*



Daar was baie dames ook......... en Seppie



Die hele van der Walt familie bymekaar



Die van der Walt gesin bymekaar